

On 16 Aug 2021, at 17:38, Colin Hertzog <[cechertzog@nhk.co.za](mailto:cechertzog@nhk.co.za)> wrote:

Hannes

Ek het byna nie vrymoedigheid om my standpunt op skrif te stel nie, want dit is baie subjektief. Maar, vir jou sal ek dit tog doen. Dit is egter nie 'n studiestuk nie, maar bloot 'n mening en dieselfde mening wat ek by die AKV daarvoor gegee het.

- My dogtertjie is nou 9. Vandat sy baie klein is vra sy diep vrae oor geloof en oor God. Ek dink dit is 'n besondere gawe wat kinders het om anders na geloofskwessies te kyk as volwassenes.
- Ek kan net dink dat die ervaring om saam met haar ma en pa nagmaal te gebruik vir haar groot betekenis sal hê. Die opvoedkundiges sal vertel hoe belangrik gesins-, en daarmee ook godsdienstige, rituele is as ankers vir ons kinders. Ons verkondig dat huisgodsdiens, gebed, erediensbywoning en kerklike betrokkenheid reeds op 'n jong ouderdom vir kinders belangrik is. Dit vorm hulle en bied aan hulle handvatsels. Dit help hulle ook om in hulle eie geloofslewe te groei. En daarom moedig ons ouers aan om daarmee vol te hou. Maar, ons weerhou die kinders van die een sakrament wat vir ons almal soveel beteken! Dit is vir my sleg om tydens nagmaal te moet sien hoe my kind langs Annelie sit en uitgesluit word van dit wat vir haar soveel betekenis kan hê.
- Ons regverdig dit onder meer deur te argumenteer dat die kinders nie die vermoë het om *hulleself eers te ondersoek voor hulle by die tafel aansit nie*. Ek glo dit natuurlik moeilik. My kind het 'n baie goed ontwikkelde besef van wat *Liewe Jesus* van haar lewe verwag. Sy het ook 'n baie eerlike voorneme om dit uit te leef. Ek laat my moeilik vertel dat dit swakker ontwikkel is as by baie volwassenes wat by die tafel aansit. Inteendeel...
- Haar begrip van die kruisgebeure en van wat dit beteken is ook goed ontwikkel. Om die waarheid te sê bevraagteken sy nie haar geloof nie en kan ek nie onthou dat sy al getwyfel het oor Jesus en sy bestaan nie. Sy glo baie konkreet. Dit sê baie! Dit is volwassenes wat twyfel...

Soos ek sê is bogenoemde nie 'n teologiese standpunt nie, maar baie subjektief. As ek reg onthou is het die Kerk eintlik die beginselbesluit geneem en worstel julle waarskynlik eerder met die praktiese implementering van die beginsel. My mening daarvoor is die volgende: Kerkrade behoort nie die keuse te kry of hulle kindernagmaal wil toelaat of nie wil toelaat nie. Dit is nie 'n saak waaroor na willekeur besluit moet word nie. Die Kerk behoort 'n teologiese standpunt daarvoor te hê en kerkrade behoort daarby in te val. Ouers kan egter besluit of, en wanneer, hulle kinders gereed is om dit te gebruik.

Kategese en belydenisaflegging is vir my die uitvloeisel van die doopbelofte waarmee volgehou moet word. Die gebruik van nagmaal deur kinders hef dit nie op nie.

Hierdie is 'n vinnige mening. Ek verwag nie dat dit in ag geneem moet word nie, want ek

weet wat die kwaliteit van ons teologiese argumentvoering kan wees en bogenoemde voldoen nie daaraan nie. Dit is egter wat ek by die AKV kwytgraak het en dit is waarby ek staan.

Groete

Colin